# DIE SWART LUIPERD

Nr. 67
Dodelike Druppels



MEIRING FOUCHE

Die Swart Luiperd bly regop sit. Sy gedagtes skiet hierheen en dan weer daarheen. Hy weet die dood is baie naby. Maar hy weet ook dat hy nie so goedsmoeds mag sterf nie. Hy het 'n vrou en 'n seun in Suid-Afrika. Hy het sy lewe lief en hy sidder wanneer hy dink aan die toneel wanneer hulle Irma Paaskuunen in die leeuhok gooi. Hy sal kan veg, dit weet hy, al is hy kaalhande, sal hy kan veg. Maar wat van haar?

Die Swart Luiperd sluit sy vuiste en dan ontsluit hy hulle weer. Hy besef nou hoe volkome onmoontlik dit vir hulle sal wees wanneer die inboorlinge hulle na die leeuhok neem. Hy kan hom net nie vereenselwig met dié soort dood nie. Hy kan die wreedheid net nie aanvaar nie.

Selfs in hierdie laaste oomblikke span hy sy brein tot brekens toe in om aan iets te dink wat hulle kan verlos.


**Stofomslag: Willie du Plooy**

6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

Nr. 67
Dodelike
Druppels

R2
a.v.b uitgesluit



MEIRING FOUCHE

# INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Raaiselagtige Olifant | 3 |
| 2. | Nog 'n Geheim | 9 |
| 3. | 'n Kreet van Angs | 17 |
| 4. | Vlamme in die Nag | 25 |
| 5. | Spoor van 'n Vrou | 32 |
| 6. | Blinkende Pyl | 41 |
| 7. | Dodelike Formule | 49 |
| 8. | 'n Leeu Brul | 56 |
| 9 | Nog een Sterf | 63 |
| 10 | Die Honger Leeus | 72 |


## Hoofstuk 1

## RAAISELAGTIGE OLIFANT

Die lang donker man met die liggaam van 'n kragatleet voel kalm en rustig hier waar hy op die rotskoppie by sy kampvuur sit. Die geur van die wildsbokribbetjie wat hy besig is om te braai, laat hom nog beter voel. Maar veral voel hy aangenaam omdat hy nou veilig voel. Met dankbaarheid kyk hy na die breë vlak rivier wat hier, nie ver van hom af nie, verbystroom.

Anderkant hierdie rivier lê Zaire. Hy het so pas teruggekeer uit die roesemoes waar hy 'n paar blankes uit die verknorsing gehelp het. Maar omdat alles daar so onderstebo is, omdat daar soveel wreedheid is, is hy dankbaar dat hy nou aan hierdie kant van die rivier sit.

Hy keer die ribbetjie 'n slag om, kyk na waar sy swart hings, Donker, in die hoë gras wei en toe loer hy na waar sy twee mak jagluiperds, Simson en Spikkels, aan 'n stuk wild lê en vreet wat hulle so pas gevang het.

Hierdie is die eerste maal in 'n lang tyd dat hy werklik rustig voel, want in Zaire was alles baie onseker en baie onveilig. Dit was 'n harde trek hier na die grens toe, en toe hy vroeër vandag deur die rivier gekom het, het hy gevoel soos 'n vlugteling wat uiteindelik 'n veilige hawe bereik het.

Omdat die gevaar en die geweld van Zaire nog so naby hom is, is hy in elk geval wakker en op sy hoede. Elke keer kyk hy om hom heen met die indringende, geoefende oog van die oerwoudman wat hom nie graag wil laat oorval nie.

Hy weet goed genoeg dat inboorlinge van Zaire hier en daar oor die grens beweeg om blankes te molesteer. Hy voel nie in die luim om gemolesteer te word nie. Daarom dat hy so dikwels vlugtig om hom heen kyk en dan weer oor die rivier wat hier so vlak en breed vloei, oor die vlakte anderkant na die soom van die digte oerwoud, donkergroen en misterieus. Daardie oerwoud versinnebeeld vir hom Zaire met al sy gevare, met sy wreedheid en sy bloedige geweld. Hy kyk oor die oerwoude heen na die ver purper berge wat so hoog opstoot.

Dit is toe die Swart Luiperd weer 'n keer weswaarts kyk na die wasige geheimenis anderkant die rivier, dat hy die beweging sien. Dit is 'n swart kol van beweging op die enigsins smal vlakte duskant die oerwoud. Dit is 'n stadige beweging.

Hy ken dit dadelik uit. Dit is 'n olifant wat daar trek. Hoewel dit vir hom snaaks is dat één olifant oor die grasvlakte aangestryk kom, steur hy hom nie veel daaraan nie. Hy het al dikwels gesien dat 'n ou bul wat deur die kudde uitgewerp is, wyd en syd alleen rond dwaal. En in hierdie deel van Zaire is olifante baie volop.

Daarom steur hy hom nie veel aan die ou grootman nie. Hy neem sy wildbraad, gaan sit onder 'n rondekroonboom, maak die rib stukkend en begin te smul. Hy eet met welbehae want hy is honger en hierdie stuk wild het hy sappig en lekker gebraai. Dit was 'n vet wildsbok en dit smaak vorentoe.

Hy voel gelukkig omdat hy kan eet en omdat sy diere ook ordentlik kan eet. Hy sien hoedat Donker goed en deeglik wegval aan die malse gras en hy merk op dat Spikkels en Simson nie op hulle laat wag daar by die stuk wild nie.

Toe die olifant weer sy aandag trek, is dit reeds veel nader as wat dit vroeër was. Tog sien hy dat die groot dier berekend en stadig beweeg. Daar is nou iets aan die olifant wat sy belangstelling effens prikkel. Die dier wei nie. Dit lyk asof hy trek. Hy kom pylreguit na die rivier. Dalk kom die ou suip in die rivier, dink die Swart Luiperd. Maar ook dít is 'n bietjie snaaks want verder na agter toe is daar ook 'n spruit met water. Gisteraand het die luiperdman daar oornag. Maar wie weet, 'n olifant is dikwels kieskeurig. Dalk hou die ou nou maar meer van hierdie rivier se water.

Daar in die digte heerlike koelte van die groot boom wy die Luiperdman sy aandag aan homself. Hy gaan die snaar van sy lang boog na. Hy kyk sy pyle 'n slag deur. Hy haal sy slypplank uit die saalsak en skerp sy jagmes effens aan. Hy glo nie aan 'n jagmes wat nie skerp is nie. Hy glo nie aan 'n boogsnaar wat nie styf is nie, of aan 'n pyl wat nie skerp is en wat nie doodsekuur sal trek nie.

Daarom duur dit 'n rukkie voordat hy weer opkyk. En toe hy weer opkyk, druk die frons 'n keep tussen sy wakker oë. 'n Gewone man sou dit miskien nie eens opgemerk het nie, maar vir





die oe van die Swart Luiperd gaan baie min dinge verlore.

Die olifant wat nou nie meer ver van die anderkantste oewer van die rivier af is nie, is bepaald anders as ander olifante. Daar is iets op sy rug wat 'n bietjie vreemd lyk. Die Luiperdman staan onder die boom op, druk met sy groot sterk hand teen die stam en betrag die spulletjie met meer aandag.

Ja dit is net soos hy verwag het. Daardie snaakse ding op die olifant se rug, lyk hiervandaan soos 'n ryhok.

'n Ryhok? Wie sou dit dan wees wat met 'n olifant hier aangery kom? En waar is die persoon wat in die ryhok moet sit?

Die Swart Luiperd stap onder die koelte uit om beter te kan sien. Die olifant kom nog steeds nader na die water toe maar hy beweeg enigsins eienaardig. Dit is asof hy heen en weer beweeg. Dit lyk asof daar 'n slapte aan sy beweging is. Hy kom nie doelgerig en met kragtige skrede soos die olifant gewoonlik doen nie. Hierdie tamaai dier lyk asof hy baie uitgeput kan wees, of dalk siek.

Wat die Swart Luiperd egter die meeste interesseer, is dat daar geen teken van 'n drywer is nie. Niemand sit op die groot skof net agter die flappende ore nie. Niemand is ook in die ryhok sigbaar nie.

Die olifant kom stryk sommer die rivier in. Hy kom stadig tot in die middel van die stroom en toe gaan hy staan. Hy swaai die swaar kop 'n paar maal, swaai met die slurp, spuit water oor homself en toe gaan hy in die water lê.

Die oerwoudman is nou die ene belangstelling. Hierdie olifant gedra hom darem te eienaardig. En daardie ryhok. . . Dit is 'n snaakse affêre dat daar 'n ryhok op 'n olifant se rug sit sonder dat iemand in die ryhok is. Hy kry 'n eienaardige gevoel dat hier iets aan die gang is—iets wat hy van naderby behoort te ondersoek. Daarom neem hy sy pyl-en-boog op, roep vir Simson en Spikkels en stryk af na die rivier toe. Dit is maar omtrent driehonderd tree van die kant van die water af.

Die olifant lê nou doodstil in die middel van die stroom. Hiervandaan lyk dit asof hy nou net nie meer moed het om nog een poot voor die ander te sit nie. Olifante, dit weet die Swart Luiperd uit ondervinding, kan nie ophou met baljaar wanneer hulle eers in die water is nie. Maar hierdie ou lyk asof sy blus totaal uit is. Hy

kom ewewel weer op die been, skud hom 'n slag en toe stryk hy stadig deur die stroom.

Die Luiperdman loop hom tegemoet en tref hom aan omtrent vyftig tree duskant die rivier. Toe die olifant hom sien, lig hy slurp en hy los 'n patetiese trompetstoot. Ook die trompetstoot is sonder krag en sonder geesdrif. Die twee groot ore flap 'n slag en dit lyk asof die dier die Swart Luiperd met daardie gebaar verwelkom.

Die volgende oomblik weet die Luiperdman dat iets ernstigs met die olifant skeel. Hy gaan sommer weer lê en dit lyk asof sy ledemate heeltemal verlam is, so vinnig val die groot liggaam op die grond.

Die Swart Luiperd spring belangstellend nader. Hy het iets gesien wat hom uitermate interesseer. Daardie ryhok is nie leeg nie. Daar is iemand in. Maar daardie persoon lê plat op die boom van die hok. Een hand hang deur die bamboestralies en die ander hand is om die bamboes saamgeklem.

Die olifant maak 'n geluid van pyn toe die Swart Luiperd hom bereik. Sy oë is ingevalle en sy bek hang oop.

Hy wy egter nie sy eerste aandag aan die dier nie. Hy spring teen die groot ribbekas op, gryp aan die bamboes van die ryhok en wip oor die kant.

In die ryhok lê 'n man. Met die eerste oogopslag sien die Swart Luiperd dat hy dood is. Dood moet hy ook wees, want 'n dun pyl sit hoog agter sy regterblad.

Hy lê op sy maag in die ryhok, maar sy kop is krampagtig skeef gedraai. Die een hand het sommer deur die bamboestralies geskuif en die ander hand het in die dood om 'n bamboes verstyf.

Die Luiperdman sien dadelik dat hierdie 'n man is wat nog nie middeljarig is nie. Hy is seker nog nie veertig nie. Hy is nie groot nie, maar hy is stewig gebou en sy gelaatstrekke lyk vir die Suid-Afrikaner uitheems. Sy hare is blond en sy gesig is aan die rooi kant. Sy oë, wat deur die dood nie gesluit is nie, is helderblou soos dié van die noordelike nasies van Europa.

Die Swart Luiperd verwyder die pyl, draai die man versigtig op sy rug en vind dat die vreemdeling nog nie baie lank kan dood wees nie. Sy liggaam is daarvoor nog te slap.

Om die man se skouer hang 'n klein bladsak wat met 'n knopie





gesluit is. Die Luiperdman knoop dit oop en toe sien hy die kleinerige vierkantige boekie wat net mooi in die bladsak pas.

Hy trek dit uit en op die harde buiteblad staan 'n naam geskryf. Dit is 'n eienaardige naam wat die Luiperdman, sover hy hom kan herinner, nog nooit gehoor het nie.

„A. Paaskuunen" staan daar. Die Luiperdman frons. Paaskuunen? Dit klink vir hom soos 'n Finse naam. Daar is, soos hy weet, Finse sendings in Zaire. Hy kyk weer af na die gesig van die gestorwe man en daardie gesig word vir hom die middelpunt van 'n eienaardige raaisel.

'n Man op 'n olifant. 'n Man deur 'n pyl gedood. 'n Man met die uitheemse naam Paaskuunen.

Daarby 'n olifant wat skynbaar siek is. En 'n klein boekie in 'n bladsak. . .

En toe die Luiperdman nadenkend opkyk, sien hy agter die olifant se regteroor, naby die plek waar dit aan die kop sit, 'n klein pyltjie steek, 'n pyltjie byna soos die klein gifpyltjies wat die pigmeë dikwels gebruik. . .

Hy klouter weer uit die ryhok en gaan trek die pyltjie agter die oor van die olifant uit. Die dier skud sy kop en toe sien die Luiperdman die skuim uit die olifant se bek waai. Hy kyk na die klein pyltjie wat omtrent nege sentimeter lank is en in alle opsigte perfek, net soos 'n groot pyl.

Iets laat hom vermoed dat hierdie pyltjie baie dodelik is; selfs meer as 'n groot pyl. Sy vermoede word bevestig toe die groot liggaam van die olifant 'n slag ril en die dier 'n beangste trompetstoot los.

Die Oerwoudman staan verslae daar duskant die stroom. 'n Koue rilling gaan deur sy liggaam en hy kyk in die rigting waaruit die olifant gekom het. Anderkant daardie stroom lê donker geheime. Zaire is 'n woedende kookpot en hy wonder wat die rede is dat hierdie man so gesterf het.

Die dood van die blonde man met die rooierige gesig is vir hom nie die enigste raaisel nie. Waarom is hierdie olifant dan in 'n sterwende toestand? Wie kan so wreed wees om so 'n getroue dier ook te laat sterf?

Omsigtig en met groot belangstelling ondersoek hy nie alleen

die ryhok nie maar ook die olifant verder. Met sy ervare oë en met sy ingebore skerpsinnigheid slaan hy nie die geringste besonderheidjie oor nie.

Hy ondersoek die olifant vanaf sy stertpunt tot by die punte van sy pragtige tande. Hy bekyk die ryhok aandagtig. Hy ondersoek weer die lyk. Maar hy vind geen verdere aanduiding nie.

Al wat hy weet, is dat hy 'n dooie man in 'n ryhok op die rug van 'n olifant gekry het en dat die olifant ook skynbaar aan sterf is aan 'n dodelke gif.

Elke keer kyk hy oor die stroom heen na die sluimerende oerwoud daar anderkant want hy voel nou skerp onrustig. Dit is vir hom heeltemal duidelik dat hierdie aaklige daad wat met die vreemde reisiger en sy olifant gepleeg is, kort gelede moes gepleeg gewees het. Hulle wat dit gedoen het, kan nie ver wees nie en hy wil nie graag oorval word deur wie ook al hierdie ding gedoen het nie. Die Luiperdman is 'n onverskrokke, dapper mens maar daarby is hy veral ook 'n versigtige mens, want die gevare van die oerwoud het hom al geleer dat jy hier in alle omstandighede versigtig moet wees.

Hy ondersoek die terrein hier duskant die stroom, hy kyk oor die water heen na die groen soom van die oerwoud maar alles is nou stil en sonder enige beweging. Hy kry die indruk dat 'n stem tot hom roep, dat 'n geheim in die digtheid van die woud skuil. 'n Geheim wat hy sal moet oplos. Hy raak so verlore in sy eie gedagtes, in sy eie afleidings dat dit hom 'n rukkie neem om terug te keer tot die werklikheid. Hy kyk na die skurwe vel van die olifant. Hy kyk na die groot slap ore, na die glinsterende tande. Hy kyk na die blonde hare van die gestorwe man—en toe weet hy dat hy hier afgekom het op iets diep en donker.





## NOG 'N GEHEIM

Die Swart Luiperd betrag die olifant aandagtig en uit sy kennis van diere weet hy dat die groot dier aan die sterf is. Dit kan hy aan sy oë sien; dit kan hy aan die slapte van sy ore sien, en aan die rillings wat deur die groot liggaam gaan.

Hy weet nog iets—hy weet dat hierdie olifant aan sterf is van gif. Hy het die een of ander bloedgif ingekry, en nadat die Luiperdman die olifant van naderby ondersoek het, besef hy dat die dier dit net op een manier ingekry het—deur middel van die klein, dun pyltjie wat agter sy oor gesteek het. Hy gaan ondersoek die plek en sien dat dit potblou verkleur is, byna soos 'n plek waar 'n giftige slang gepik het. Daarna het die Luiperdman geen twyfel meer oor die rede van die olifant se toestand nie.

Hy sny met sy jagmes die dik buikgord los en skuif die ryhok met die lyk daarin van die olifant se rug af. As die dier dan moet sterf, dan kan hy net sowel gemaklik sterf. Hy staan voor die olifant en die dier kyk byna smekend na hom. Toe sidder die groot liggaam weer, hy roer 'n poot, maar die Luiperdman merk op dat daardie been so verlam is, so kragteloos dat die dier hom skaars kan verroer. Dit is duidelik dat die olifant nou ly onder die volle aanslag van die gif wat hy ingekry het. Sy nek knak en sy twee pragtige tande steek in die grond vas. Die slurp lê heeltemal slap. Af en toe roer dit net krampagtig.

Die Swart Luiperd is so vol belangstelling vir die olifant dat hy aanvanklik vergeet van die boekie wat hy uit die gestorwe man se bladsak geneem het. Nou gaan hy daarmee opsy en maak dit oop.

En toe wag nog 'n verrassing op hom. Aan die binnekant van die voorste buiteblad is 'n foto netjies vasgeplak.

Dit is 'n duidelike en treffende foto. en dit is die foto van 'n vrou.

Sy is blond, sy is pragtig soos 'n vorstin. Haar hele gelaat lag en haar hals is slank en elegant. Hy sien dadelik dat sy 'n Nordiese meisie moet wees. Sy is 'n dogter van een van die koue lande soos Finland of Denemarke of Swede.

Die beeld van die vrou, so skoon, so gelukkig en so jeugdig, tref die Oerwoudman so hard dat hy lank daarna staan en kyk. Wat sy belangstelling verder gaande maak, is die feit dat daar in Engels onder in die een hoek van die foto geskryf is: ,,Met liefde van Irma.''

Dit kan die Luiperdman nie klein kry nie. Hierdie meisie en die gestorwe man is klaarblyklik nie Engels nie, tensy hy hom deerlik misgis en tog staan hier in Engels op die foto geskryf.

Hy tel sy kop op en kyk om hom heen tot aan die ver horison, net asof hy verwag dat die skone Irma hom van iewers af sal toelag. Irma? Wat het dan van Irma geword? Waarom is hierdie man alleen? Die man aan wie hierdie foto klaarblyklik behoort. Is Irma sy vrou? Sy suster? Sy verloofde? Watter van die drie is dit. En waar is sy? Is sy oorsee? Het sy uit Zaire gevlug?

Of is die skone blonde Irma dalk in die hande van die bloeddorstige inboorlinge? Net die gedagte laat hom ril. Hy het al genoeg gesien en gehoor wat met vroue gebeur wat in die hande van die inboorlinge val. 'n Groot twyfel neem van die Luiperdman besit. Is sy in Zaire of nie? Werktuiglik kyk hy weer oor die rivier heen in die rigting van die donkergroen wasige woude wat in 'n aaneengeslote massa wegstrek tot aan die purper gebergtes ver op die horison.

Hy blaai in die boekie, kyk daarin, lees daarin, en hy raak so versonke in die geheime wat aan hom geopenbaar word in 'n baie netjiese en stewige handskrif, dat hy nie eens aanskou hoedat die olifant sy laaste asem uitblaas en roerloos stil op die donker grond van die rivieroewer bly lê nie.

Uit die klein boekie met die harde band, wat in die vorm van 'n dagboek opgestel is, word die Swart Luiperd 'n paar geheime wys. Hy lees dat die vreemdeling Paaskuunen 'n natuurwetenskaplike is. Hy kom af op 'n ingewikkelde formule waarvan hy geen kop of stert kan uitmaak nie.

En hy word wys dat Paaskuunen besig was om die een of ander serum voor te berei. 'n Serum wat sekere siektes van die trope moet genees. Hier en daar is 'n geesdriftige paragraaf oor die vordering wat reeds gemaak is. Dan weer 'n paragraaf wat spreek van teleurstelling omdat die uiteindelike, volmaakte formule nog





nie bereik is nie.

Toe die Luiperdman alles vlugtig deurgekyk het, word hy weer bewus van die werklikheid. Tot sy ontsteltenis merk hy dat die olifant gesterf het. Met die hart van die natuurbewonderaar ween hy vir die groot dier wat gesterf het en dít in sulke aaklige omstandighede. Die feit dat die olifant so geluidloos gesterf het, bewys vir die Luiperdman dat selfs sy geluidorgane verlam moes gewees het, anders sou hy die een of ander geluid gemaak het. Sy liggaam moet volkome verlam wees, anders sou daar tog 'n doodsworsteling gewees het want geen dier, en veral nie die magtige olifant neem sommer so van die lewe afskeid nie.

'n Rukkie kyk hy na die dier, toe stap hy om na die ryhok waarin die geleerde dood lê. Hy tel hom op en lig hom uit die hok. Toe besef die Luiperdman eers werklik met 'n slag hoe kort gelede hierdie man moes gesterf het. Sy liggaam is nog slap. Hy voel nog warm. Toe dié besef hom tref, lê die Oerwoudman vir Paaskuunen vinnig neer, kom orent en kyk noukeurig en deeglik om hom heen. Hy ondersoek die streek waardeur die olifant gestap gekom het. In die lang gras van die vlakte soek hy na agtervolgers of na 'n agtervolger. Maar hy gewaar niks. Daar is net die beweging van die rivierwater en die sagte wuiwing van gras wanneer die wind roer.

Hy kan dit nou glad nie begryp nie. Hoe het die man aan sy dood gekom? Wie was sy vyand of vyande en hoe het dit gekom dat hy deur 'n pyl gedood is en dit so kort gelede? Die Luiperdman lei af dat Paaskuunen op die vlakte moes gedood gewees het, anders sou sy liggaam nie nounog lou gewees het nie, anders sou hy nie nog so slap gewees het nie. As iemand hom in die oerwoud gedood het, moes sy liggaam uit die aard van die saak nou reeds styf gewees het.

Met ernstige bedenkinge neem hy die lyk op, dra hom 'n ent verder. Toe kom haal hy een van die bamboesstokke, sny dit skerp en grawe 'n vlak graf vir die vreemdeling Paaskuunen. Hy lê hom daarin weg, pak hom met gras toe en vul die vlak graf. Toe dra hy klippe nader en pak dit daarop.

In diepe twyfel beweeg die Luiperdman terug na sy kamp. Telkens gaan hy staan en kyk om. Die raaisel waarop hy afgekom het, is so diepgrondig dat hy nie weet wat om aan te vang nie. Moet